


#MYSKOOL

AANLYN HULP


vir matrieke




Afrikaans Huistaal

Vincent van Gogh


D. J. Opperman





AGTERGRONDGESKIEDENIS


- Hy is op 30 Maart 1853 in Nederland gebore as seun van 'n Protestantse predikant.
- As predikantseun het hy 'n brandende begeerte gehad om die **kerk te dien** en maatskaplike werk te doen.
- Hy het begeer om teologie te studeer, maar het nie die toelatingseksamen geslaag nie.
- Hy is op 27-jarige ouderdom na Parys, vasbeslote om 'n skilder te word.
- Na twee jaar het hy op die dorpie Arles in die suide van Frankryk gaan woon. **Hier het het hy in tien maande 200 doeke geskilder.**
- **Ongelukkig het die mense het sy werk nie** **verstaan nie** en hy kon nie sy skilderye verkoop kry nie.




- Die skilder Paul Gauguin het in Oktober 1888 by Van Gogh kom bly.
- Hy het gereeld woede-uitbarstings gehad en eendag probeer om Paul met 'n skeermes aan te val. Ontsteld hieroor het Gauguin vertrek en **Van Gogh het sy skeermes gebruik om sy regteroor af te sny.**
- Daarna is hy opgeneem as pasiënt van 'n gestig vir sielsiekes by Saint-Rémy buite Arles.
- In Mei 1890 het hy sy ouer broer, Theo, en sy vrou gaan besoek. Hy was verontrus oor sy broer se toestand. Sy broer het finansiële probleme gehad en sou sukkel om hom verder te onderhou. Daar het hy eendag 'n rewolwer in die hande gekry, veld toe geloop en probeer om homself in die hart te skiet. Eers twee dae later het hy op 37-jarige ouderdom **in sy broer Theo se arms gesterf.**
- In Van Gogh se leeftyd is **net een van sy skilderye verkoop.** Mense het eers na sy dood besef watter besondere kunstenaar hy was.

Vincent van Gogh D.J. Opperman

1. Jy het as 'n miskende
2. heilge vergeefs geveg teen die ellende
3. en die onreg in die krotte van die myn,
4. in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
5. en skriklike stryd van God
6. leer ken, wat mens en boom verknot
7. in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
8. in aanbidding van die son kon verwe,
9. boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
10. die kantelende landskap in die snelle ligte
11. geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
12. tot branding van die skone kon verwek,
13. toe is Sy hartstog eers in jou volbring
14. soos groep sipresse tot 'n vlam verwring





Titel: verwys na die bekende Nederlandse skilder Vincent van Gogh

Vincent van Gogh

Vincent van Gogh word aangespreek.

1. Jy het as 'n **miskende**

Evangelis/ prediker

Sy pogings was onsuksesvol

Geen erkenning vir sy werk onder die arm mense gekry nie. Hy was nie suksesvol in sy roeping as prediker nie.

2. **heilige vergeefs** geveg teen die **ellende**

Armoedige klein, vuil huisies waarin hulle moes woon.

swaarkry

3. en die onreg in die **krotte** van die **myn**,

Verwaarloosde, oorbevolkte, minder ge goede woonbuurte

Geveg teen die ellende van en die onreg wat gepleeg is.

4. in **agterbuurtes** en op **landerye**;

“miskende – agterplasing word gebruik om die woord in ‘n rymposisie te plaas.
“heilige”- Voorplasing word gebruik om die aangesprokene se werk as miskende prediker te beklemtoon. Die twee woorde word deur enjambement en uiteenplasing uitgehef.



Die onbepaalde lidwoord “n” wys hoe onbelangrik Van Gogh as prediker/ evangelis was.



Die spreker fokus nou op die fisiese en geestelike pyn wat Van Gogh in hierdie tyd saam met die mense ervaar het.

Die ; na "landerye" in versreël 4 lei die feit in dat die fokus van die ek-spreker verander.

Die lyding of onreg wat die werkers ervaar en ook sy "skriklike" stryd met God veroorsaak vir hom pyn.

4. in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn

"skriklike" verwys na Van Gogh se innerlike stryd oor die doel van sy eie bestaan; hy kon nie die arm mense en die mynwerkes help nie. s-alliterasie is ook om die armes se stryd en swaarkry te beklemtoon.

5. en **skriklike stryd** van God

Die digter gebruik "skriklike" in plaas van *verskriklike* om die armes se stryd met hul swaarkry te beklemtoon.

6. leer ken, wat mens en boom verknot

"verknot" = om 'n boom se top af te sny en so sy groei te belemmer/ te verswak.

7. in **Sy kramptrekke**; maar eers toe jy die koringgerwe

Dit is die mens en boom wat verknot word, dus dui dit hier op 'n suiweringsproses van die mens. Dit gaan oor die stryd van die mens binne die groter Raadsplan. Deur lyding (afsny van die top) word die mens gesuiwer en lei tot volbringing in die slot van die gedig.

Die fokusverandering in die deel word gesuggereer in die woordkeuses wat na pyn en lyding verwys, soos "skriklike" versreël 5, "verknot" versreël 6 en "kramptrekke" versreël 7.

“Sy”= hoofletter, want dit verwys na God.

“kramp trekke” – spiersametrekking wat pyn veroorsaak, simbolies van fisiese pyn.

Die ; deel die gedig in twee. Na die kommapunt kom daar ‘n wending in die gedig. Dit gee ook ‘n langer ruspose. Die tempo van die gedig raak stadiger en daar tree ‘n rustigheid in

Die “jy” in versreël 7 dui dat Van Gogh in die res van die gedig aangespreek word. Dit verwys ook dat Van Gogh as kunstenaar nou sy roeping gevind het m.a.w Van Gogh die skilder, word nou aangespreek.

Die koringgerwe buig na die son. Dit lyk asof dit die son aanbid.

“Aanbidding impliseer die verhouding.

Die koringgerwe is ‘n simbool van lewe. Die son is ‘n simbool van lig en van God.

Hierdie is ‘n voorbeeld van personifikasie.

7. in **Sy kramp trekke**; maar eers toe jy die koringgerwe
8. in aanbidding van die son kon **verwe**,
9. **boere, wasvrouens en gepynigde gesigte**,
10. die **kantelende landskap** in die **snelle ligte**

Die wending word ook deur die teenstellende voegwoord “maar” ingelei. Die woord “maar” dui dus daarop dat daar ‘n kontras gaan volg.




Die digter gebruik die woord “verwe” in plaas van verf want:

- dit is rymdwang – “verwe” moet rym met “koringgerwe”
- die woord suggereer ook die beweging van die kwashale waarmee Van Gogh geverf het.



“boere, wasvrouens en gepynigde gesigte” –sy skilderkuns word die medium waarmee Van Gogh uiting kon gee aan die ellende van die mense wat hy as prediker leer ken het. Eers toe hy “boere, wasvrouens” en “gepynigde gesigte op die skilderdoek kon verf, was hy deel van God se skeppingsplan



“kantelende landskap”-
suggereer beweging in Van
Gogh se skilderye en dit lyk
asof dit vloei.

“snelle ligte” – suggereer lig.

Die aandagstreep vestig die
aandag op die woorde “alles
met koorsige gevlek”.

10. die **kantelende landskap** in die **snelle ligte**

“groen”-is simbolies van
groeikrag en beweging.

11. **geel en groen en blou** – alles met **koorsige gevlek**

12. tot **branding van die skone** kon verwek,

“tot branding van die skone”-
dit suggereer die vurige passie
waar hy geskilder het; hy het
gebrand om die skoonheid van
voorwerpe en die natuur te
skilder.

“skone”- dit wat mooi is.

“koorsige gevlek”- dit
impliseer dat hy vinnig
geskilder het, met haastige
kwashale.

“koorsige” hou ook
verband met “snelle”.

“blou” –dit is ‘n simbool van ruimte of
oopheid en vryheid.


“geel en groen en blou” –polisindetoon
(voegwoordherhaling) word gebruik om die
verskillende kleure uit te hef.

Van Gogh gebruik helder kleure in sy
skilderye:

“geel” – dit is gewoonlik die kleur wat
lewe en lig simboliseer- ook in sy
skilderye.

Dit is ook simbolies van die Goddelike lig
in ‘n mens se lewe.

Ander woorde wat by “geel” aansluit is
“son” en “snelle ligte”.



“Sy hartstog” – verwys na God se liefde of na God se drang om die mens en natuur lief te hê.

13. toe is **Sy hartstog** eers in jou **volbring**

14. **soos** groen sipresse tot ‘n **vlam verwring**

“soos groen sipresse tot ‘n vlam verwring”- is ‘n vergelyking. Sipresse herinner aan die dood, want dit is bome wat gewoonlik by begraafplase gekry word. Die vergelyking word gebruik om God se hartstog konkreet uit te beeld. Die woorde “branding”, “sipresse en “vlam verwring” sluit by mekaar aan.

Die woord “volbring” word deur agterplasing uitgehef. Dit verwys dat Van Gogh se groot taak op aarde volbring is. Van Gogh kon deur sy skilderye God se opdrag uitvoer. Dit herinner ook aan Jesus se kruiswoorde: “Dit is volbring.”

“groen sipresse tot ‘n vlam verwring” – metafoor – die vorm van die sipres word gelykgestel aan ‘n vlam.





ENJAMBEMENTE IN DIE GEDIG

Versreëls 1-7:

- ❖ In die eerste gedeelte (tot by die kommapunt in versreël 7) is daar'n vinnige tempo in die gedig.
- ❖ Dit help om die gejaagdheid van Vincent van Gogh se pogings om 'n sukses as lekeprediker te maak, uit te beeld.
- ❖ Dit verbind sinsdele wat sintakties by mekaar hoort of verbind kerngedagtes.
- ❖ Die kommapunt in versreël 7 lei tot 'n verposing waarna die tweede gedeelte van die gedig volg.
- ❖ Dit versnel die tempo om die koorsagtigheid waarmee Van Gogh gewerk het uit te beeld.
- ❖ Die egaliger versbeweging ondersteun die gedagte dat Van Gogh as skilder sy eintlike roeping gevind het.



VOORBEELDE VAN ALLITERASIE EN ASSONANSIE IN DIE GEDIG

v –alliterasie: vergeefs geveg, vlam verwring;

g –alliterasie: vergeefs gevæg en gepynigde gesigte;


s –alliterasie: slegs skriklike stryd;

k –alliterasie: knotte – verknot –kramptrekke

Funksie: Hierdie voorbeelde van alliterasie lê verband tussen belangrike woorde.

y –assonansie en e-assonansie word dwarsdeur die gedig aangetref.

Dit bind die gedig wat die betekenis betref saam, want dit bind die stryd en die volbringing daarvan.




KONTRAS IN DIE GEDIG

Versreël 1 tot die helfte van versreël 7 handel oor Van Gogh se **stryd**.

Van die tweede helfte van versreël 7 tot aan die einde van die gedig handel oor die **volbringing** van sy goddelike roeping.

Deur middel van woordkeuse word die kontras tussen Van Gogh se stryd en die uiteindelijke volbringing van sy goddelike roeping beklemtoon.

Stryd		Volbring	
Versreël 1	“miskende”	Versreël 8	“in aanbidding verwe”
Versreël 2	“vergeefs geveg”	Versreël 8	“son”
Versreël 3	“krotte”	Versreël 10	“kantelende landskappe”
Versreël 4	“slegs die pyn”	Versreël 11	“alles”
Versreël 5	“skriklike stryd”	Versreël 12	“tot die skone..”
Versreël 6	“mens en boom verknot”	Versreël 13	“volbring”
Versreël 7	“Sy kramptrekke”	Versreël 13	“Sy hartstog”
		Versreël 14	“sipresse tot ‘n vlam verwring”



BOU VAN DIE GEDIG

Die gedig bestaan uit drie kwatryne en 'n rymende eindkoeplet wat van die gedig 'n Engelse sonnet maak.

Die rymskema is soos volg:

Kwatryn 1 aabb paarrym (om die gedig en verskillende gedagtes tot 'n eenheid saam te bind.)


Kwatryn 2 ccdd paarrym

Kwatryn 3 eeff paarrym

Koeplet gg paarrym

Reël 13 en 14 is die hoogtepunt, samevatting van Van Gogh se kuns.

J.C. Kannemeyer (*Verse vir die vraestel*, p. 126) reken egter dat dit nie 'n sonnet is nie omdat die versreëls nie almal ewe lank is nie en die ritme nie deurgaans dieselfde bly nie.



TEMA, BOODSKAP EN STEMMING

TEMA: Die gedig verwys na kunstenaarskap wat ook woordkunstenaars insluit. Die digter, nes die skilder, is medeskepper wat moet aangaan met skeppingswerk. Deur sy skeppingswerk te voltooi, vervul hy sy roeping.

BOODSKAP: Die boodskap is universeel – ‘n mens kan jou in enige werk/beroep uitleef deur jou beste te doen. Sodoende kan jy lewensgeluk ervaar.

STEMMING: In die eerste deel is die stemming die van wanhoop of stryd. In die tweede deel heel ‘n stemming van opgewondenheid of aanvaarding.

BRONNELYS

Vermaak, Adinda en Nel, Marieta 2017: *Vlymskerp*, Kaapstad, M & A Uitgewers.





MADMAN